HUISWERK

Wes-Kaap Onderwysdepartement

Hoe jy met die huiswerk kan help:

- Woon die eerste ouer-onderwysersaand van die jaar by. Vind uit wat huiswerk vir die nuwe graad behels. Vind uit hoe jy jou kind met huiswerk kan help.
- Vra die onderwyser uit oor die huiswerkbeleid van die skool.
- Prys jou kind wanneer hy/sy huiswerk gedoen het en take voltooi het.
- Help jou graad 1- & 2-kind met sy/haar huiswerk. Help ook jou ouer kind met huiswerk, indien hy/sy daarom vra.
- Huiswerk moet daagliks op ‘n vasgestelde tyd gedoen word. Besluit saam met jou kind op die tyd – en hou dan daarby.
- Maak seker dat jou kind altyd sy/haar huiswerk op dieselfde plek doen.
- Hou al die huiswerkbenodigdhede in ‘n houer byderhand, sodat jy nie elke dag daarvoor hoef te soek nie. Huiswerktoerusting sluit in ‘n skêr, gekleurde potlode, gom, ou tydskrifte, ‘n woordeboek en ekstra papier.
- Huiswerktyd moet reëls vir die hele gesin insluit:
  - Skakel die TV af. Dit sal jou kind se aandag aftrek.
  - Geen besoekers.
  - Geen harde telefoongesprekke deur ander lede van die familie.
  - Lees ‘n boek of beplan jou begroting.
- Maak seker jy weet hoe om jou kind se onderwyser te kontak.
- Praat met die onderwyser as jou kind met sy/haar huiswerk sukkel.
- Onthou dat jy sowel as die onderwyser wil hê dat jou kind goed moet presteer.

HOEVEEL TYD MOET AAN HUISWERK BESTEE WORD?

Fase	Graad	Voorgestelde maksimum
Grondslag-fase	1	10 minute
	2	20 minute
	3	30 minute
Intermediêre Fase	4	40 minute
	5	50 minute
	6	1 uur
Senior Fase	7	1 uur 10 minute
	8	1 uur 20 minute
	9	1½ uur
VOO-fase	10	1 uur 40 minute
	11	2 tot 2½ uur
	12	3 uur

Leer hou nie op wanneer die klok aan die einde van die skooldag lui nie.

Huiswerk help jou kind om die volgende te ontwikkel:

Verantwoordelikheid: Indien jou kind elke dag op dieselfde plek en tyd huiswerk doen, sal dit hom/haar help om ‘n verantwoordelike volwassene te word.

‘n Gevoel van genoegdoening, dat iets bereik is: Jou kind sal begin om trots te voel indien hy of sy hard werk en huiswerktake daagliks afhandel. Indien jou kind vir die hele kwartaal hard gewerk het, sal hy/sy leer dat dit die moeite werd was om soveel moeite te doen.

Selfrespek: Jou kind sal selfvertroue ontwikkel as hy/sy take en projekte kan voltooi.

Onafhanklikheid: Indien jou kind kan begin om huiswerktake op sy/haar eie te doen op ‘n vroeë ouderdom, sal hy/sy vroeg reeds iemand word wat onafhanklik kan werk.

Deur huiswerk te doen leer jou kind hoe om tyd goed te bestuur.